**Sondag 1 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 14:9-13; 16:12-16; 19:5-10; 20:1-6; 22:6, 7, 10-21 | Fokusgedeelte: Openbaring 1:1-3 |
|---|---|

## Jesus verskyn tot ons verlossing (1)

*Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en dié wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.* Wag die Here Jesus se verskyning op die wolke in met sy Woord in jou mond, in jou ore en in jou hart!

Daar is sewe saligsprekings in die boek Openbaring. Almal van hulle sê op die een of ander manier dat ons die Woord van God moet bewaar en die inhoud daarvan ten volle ons eie moet maak. Hulle neem toe in erns en dringendheid totdat die Here die laaste verse van die Bybel skryf, en ons as't ware groet met die laaste een.

Daar is veral twee dinge wat in hierdie sewe seënspreuke skerp na vore kom: Eerste eis die Here Jesus van ons om in hierdie lewe die Woord van die Here skerp en getrou te lees en te onderhou.

Die boek Openbaring is die program wat die Here blootlê waarmee Hy deur die loop van die eeue deur sy magswerking die hele wêreld regeer. Hy openbaar hoe Hy sy volle heerskappy uitoefen en hoe Hy sy koninkryk deur die ganse heelal vestig en tot stand bring. Hy openbaar ons plek in hierdie groot raadsplan, naamlik hoe God se uitverkorenes in sy koninkryk in volle saligheid lewe.

Die Een wat Johannes oproep en alles aan hom openbaar, is ons Here Jesus. Hy is die onbeperkte regeer wat dié wat Hy liefhet, verlos en dié wat teen Hom in verset is of Hom nie wil dien nie, straf.

Waar staan ons? Ons lees die profesie van ons verlossing. Ons gryp dit aan dat die Here ons salig verklaar en ons loof Hom.

*Sing: Psalm 18-1:20*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*